BassFeather COUNTRY LODGE

'n Ses-Spesie Oord

deur Joffel

Soos goeie wyn in ou sakke, so is hierdie goeie oord in die ou Vrystaat. *Oud* gewis :- Die Oord is 'n hanetreetjie vanaf die 118 jaar oue Reitz, die 'Hoofstad' van die Riemland. *Goed* gewis :- BassFeather dis aan die hengelaar 'n smaaklike 'smörgasbrod' van ses spesies op ! En nog vele meer....

Hengel

Geleë op die plaas 'Waldo', waardeur Langspruit kronkel op pad Wilgerivier toe, bied drie damme aan die veelsydige hengelaar 'n ervaring wat op min plekke beleef kan word:

Ingang vanaf die Reitz-Warden pad (S74).

Grootdam: 'n Reuse plaasdam van 1,2 miljoen kubieke meter. Toe ek in Oktober laasjaar daar was, was die dam ongeveer 20% vol. Beide kante van die dam kan gehengel word, wat ongeveer ses kilometer skoon en oop oewer verskaf. Hengelaars kan enige plek kamp opslaan. Wanneer vol is die algemene diepte so ses meter, met die diepste plekke op ongeveer 14m. Die water en oewers is skoon van plante wat jou kan laat vassit. Die dam is aanliggend tot die hoofkompleks met 'n legio staan- en kampplekke op gras en onder wilger- en akkerbome.

Die terrein is verlig, skoon en water en elektrisiteit word voorsien. 24-Uur sekuriteit verseker gemoedsrus — 'n item deesdae nodiger as jou visstok. In Grootdam word daar vir karp, geelvis, modderbek en baber gehengel. Hugo en ek het binne 'n ommesientjie 'n karp (met 'floatie' en brandewyn-rosyntjie) en twee babers (met kunswurm 'flukes') aangekeer. Die dam-rekord staan sovêr op 9,2 kg vir karp en 18kg vir baber. Eersgenoemde se gunsteling aas is skynbaar 'n pienk (Nesquick) degie, vergesel van 'n mieliebom..... dis nou te sê as Reitz se hengelaars geglo kan word! Daar word ook vir die waarheid vertel dat 'dip & drip' onnodig is, skoon en natuurlike aas werk goed genoeg.

Foreldam: Ongeveer 1,5 km spruitaf lê hierdie pragtige dam van 680,000 kubieke meter. Mens kan sommer sien dis elite visse se water die. Hier word hoofsaaklik geelvis en forel, ja daar is forel in die Vrystaat, deur die vlieghengelaar gejag. Twee nengelaars het nou onlangs vyf forelle van 1,2 tot 1,6 kg in 'n agtermiddag aangekeer. Tensy anders met die bestuur gereël, word die dam se geelvisse en forelle gevang en losgelaat.

Baarsdam: 'n Relatief kleiner dam (160,000 kubieke meter) wat deur BassFeather bedryf word. Die dam is so drie kilometer vanaf die hoofkompleks. Die water is mooi skoon en oorhangende takke en riete sorg vir struktuur. 'Spinners' en 'Flukes' werk goed en die damrekord staan op 3,5 kg. Vang-en-Loslaat, tensy anders gereël, geld eweneens.

'n Verdere vier baarsdamme, loopafstand vanaf die hoofkompleks, was in aanbou en sal teen die volgende seisoen gereed en bevoorraad wees.

BassFeather bied voorwaar 'n volledige hengelervaring aan. Daar moet min oorde in ons land wees waar daar met vlieg-, aas- en kunsgerei gehengel kan word, en dit nogal na ses van ons visspesies ! Daarbenewens kan daar vanaf beide oewer en boot gevang word en is hengelaars welkom om hul aasbote en kano's saam te neem. Alle damme en oewers is maklik bereikbaar en alle oewers kan gehengel word.

Verblyf en Geriewe

BassFeather is 'n ware gesinsoord, met genoeg 'lebensraum' en bedrywighede om aan almal se smake te voorsien. Jy kan besig wees by die hoofkompleks, of jy kan 'n entjie verder gaan niks doen langs die water. Beweeg nog 'n bietjie aan en jy is stoksiel vingeralleen, omring deur die prag en stilte van die Vrystaat se velde. Die volgende word voorsien :

- 3 x 6 Bed en 3 x 4 bed chalets, volledig toegerus. Neem net eie handdoeke, eet- en drinkgoed saam.
- 'Backpacker's' huisie, met plek vir so 16 'sardiens'.
- 40 x woonwa staanplekke, met krag- en waterpunte.
- 'n Kampterrein van ongeveer 2 km lank, op Grootdam se oewer.
- Uitspanplekke vir dagbesoekers.
- Ablusieblokke.
- Hoofgebou met kombuis, dameskroeg, sitkamer en grootskerm DSTV.
- Dansbaan in aanbou.

Uitsig oor 'n gedeelte van Grootdam en die Oord.

'n Gedeelte van die kampeergronde en hengeloewer by Grootdam.

Ander Bedrywighede

- Jag van vlaktewild (Swartwildebees, sebra, blesbok, springbok en volstruis)
- Voëljag (Watervoëls, tarentaal en fisant)
- Stap-, 4 x 4, bergfiets en vierwiel-motorfiets roetes.
- Swembad.
- Speelpark.
- Konferensies, funksies, spanboue en onthale.
- Bootry en waterski.

Bassfeather is een van die plekke waar die besonderse jagkuns en -sport genaamd 'MacNab' beoefen kan word : Hier kan jy naamlik op een dag 'n vis met 'n vlieg vang, 'n voël in vlug skiet en 'n bok plattrek.

Aanwysings

Reitz is slegs 220 km vanaf Johannesburg en al jou aankope, 'vars vanaf die Platteland', kan daar gedoen word. Daar is selfs 'n winkel wat uitstekend toegerus is met hengelgerei. Anders as baie ander dorpe lyk Reitz baie goed, veral as 'haar' hoë ouderdom in ag geneem word.

In Reitz, neem Voortrekkerstraat Ooswaarts tot oor die brug en draai links by die kruising. Ry verby 'Reitz Testing Station' en die gholfbaan op linkerkant. Draai regs teenoor die gholf- klubhuis met die Vrede/Warden pad, gaan oor die treinspoor en draai regs by die Warden-bordjie. Die oord is 5,7 km verderaan op regterkant. Dit is teerpad tot by die oord.

Kontak-besonderhede

Bassfeather Country Lodge word besit en bestuur deur die Fichardt driemanskap Manie, Irene (sel 082 378 6991) en Julius (sel 084 800 2277). Die kantoornommer is (058) 863 1415 of 1145. Die Faksnommer is (058) 863 1415. E-pos adres is bwater@xsinet.co.za 'n Webwerf **www.bassfeather.com** word ook bedryf en kan gerus besoek word.

Die tariewe is uiters billik. Van enkel tot groot groep besprekings word aanvaar.

Bassfeather maak dit lekker om 'n hengelaar te wees. Dis veilig, skoon en daar's vis — in verskeidenheid. En die Fichardts gaan uit hul pad om jou met tipiese Vrystaatse gasvryheid tuis te laat voel. Ek kan maar net vertrou dat hierdie mooi oord so sal bly.